Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika
Meatmaster Sheep Breeders' Society of South Africa

Nuusbrief

Geld uit die veld
Nature's Moneymaker

Desember 2012

1060 Bloemfontein 9300 : ☎ 051 4100900/55 : 051 4484220 of 0866670294 e-pos sonja@studbook.co.za

Kersboodskap President

Dit voel soos gister wat ons Kersfees gevier het en nou lê 2012 al weer op sy rug. Die feestyd wat gevier word net voor die jaarwisseling, bring 'n vonkel in die oog vir elkeen wat dankbaar is oor die groot dinge van die lewe, maar ook oor die klein dingetjies. Mag hierdie feestyd 'n tyd van vrede bring vir elkeen van ons: vrede tussen ons en God en vrede tussen mekaar. Mag elke lid 'n wonderlike Christus gevulde kerstyd beleef vol vreugde saam met u geliefdes.
Ek wil graag aanhaal uit Somerkersfees van Koos du Plessis:

Voel jy ook nou Sy warm liefde
As ons die dag gedenk
Toe Hy Sy seun aan ons gegee het,
Ons grootste Kersgeskenk

Kersfees kom, kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ons 'n helder somerkersfees
In hierdie land , o Heer

Ek vertrou dat dit almal se ervaring sal wees.
'n Voorspoedige nuwe jaar met vele seëninge, geluk en goeie gesondheid word u toegewens.
Mag vriendskaps- en vertrouensbande in 2013 groei en sterker word. Ek vertrou dat die jaar wat voorlê vir ons as telers baie suksesvol sal wees.

LIDMAATSKAP

Die tipe lidmaatskap van ons lede is tydens die afgelope Raadsvergadering weer op die spits gedryf. Die Raad was eenstemmig daaroor dat die aangeleentheid met die nodige sensitiwiteit hanteer moet word, maar dat die “regte” ding uiteindelik gedoen moet word.

Die Hoofbestuurder van SA Stamboek is gevolglik ingeroep om die Raad in te lig oor dit wat die Wet op Diereverbetering vereis met betrekking tot lidmaatskap van 'n genootskap en of dit vereis word dat telers as sodanig moet aansluit.

Dr. Van Rooyen het op tipiese deurdagte wyse die volgende aspekte onder die Raad se aandag gebring:

- Genootskappe moet altyd by die bepalings van hul Grondwet bly en nie daarvan afwyk nie.
- Die Grondwette van Genootskappe moet vertolk word teen die agtergrond van die Wet op Diereverbetering, aangesien die Grondwette ondergeskik is aan hierdie Wet.

- Elke Lid van die Genootskap behoort in besit te wees van hul Grondwet en van die rasstandaarde. .
- Die Telersgenootskap is 'n vereniging vir Telers en daarom behoort telers meer magte te hê as sogenaamde “kommersiële lede”. 'n Voorbeeld hiervan is stemreg tydens Algemene Jaarvergaderings. Hoewel daar nie baie genootskappe is wat dit het nie, is daar egter ook 'n plek vir kommersiële lede binne genootskappe. In die geval van die Meatmasters word daar egter in die Grondwet voorsiening gemaak vir subskripsielede, welke lede nie stemreg het nie.
- Produksie-aantekeninge (voorheen Prestasie-toetsing) is nie 'n voorvereiste nie en is iets waaroor die Genootskap moet besluit nie Stamboek nie.
- Daar is 'n sterk saak uit te maak vir produksie-aantekening al is dit net op 'n beperkte vlak.
- Lede wat nie oor Internet-fasiliteite beskik nie, kan steeds hul geboortes en gewigte met behulp van die “geboorte-boek” aanmeld. Dit is regtig baie maklik.
- Daar behoort op veilings onderskei te word tussen skape wat by Stamboek geregistreer is en skape wat as kommersiële diere aangebied word.

Dr Van Rooyen het ook daarop gewys dat die Genootskap die gevaar loop om sy status as telersgenootskap te verloor as daar buite die bedoeling van die Wet op Diereverbetering gehandel word.

Die Raad het in die lig van die gesprek met dr Van Rooyen, en na deeglik debatvoering, besluit dat alle lede tot **1 Januarie 2015** kans gegun sal word om met hul diere as deelnemers by Stamboek aan te sluit. Hierdie besluit is in lyn met besluite wat tydens vorige vergaderings geneem was, maar lede word aangemoedig om tog maar so spoedig as moontlik aan te sluit selfs al is dit net met 'n beperkte aantal stoetdiere.

Die Raad is intens bewus van die groot bydrae deur lede van die Genootskap wat nog nie deelnemers by SA Stamboek is nie, maar is bekommerd dat die Genootskap sy status kan inboet as daar nie volgens die letter en gees van die Wet op Diereverbetering gehandel word nie.

Die huidige Grondwet van die Genootskap word vir u gerief hierby aangeheg. U is baie welkom om voorstelle ter verbetering van hierdie dokument aan die Kantoor deur te gee.

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om u almal te bedank vir u positiewe insette ter verbetering van die ras en ter uitbouing van die Genootskap.

Danie Visser
PRESIDENT
INDIEN ENIGE NAVRAE KONTAK ASSEBLIEF VIR DANIE VISSER BY

054 891 0058
083 390 0860
Dhvisser@telkomsa.net

GRONDWET

Aangeheg hierby vind u die grondwet van die Meatmaster Skaaptelersgenootskap en ons vra dat lede asseblief kennis van die inhoud van die grondwet neem.

SA STAMBOEK PLAAS PROGRAM

SA Stamboek is besig om 'n program saam te stel vir skape en sodra hierdie program beskikbaar is sal lede in kennis gestel word.

NASIONALE VELDRAM PROJEK VEILING

Die veiling van die Nasionale Veldram Projek vind plaas op 14 Februarie 2013 te Hopetown. Vir enige besonderhede kontak asseblief vir Johannes Swiegers in hierdie verband 0832337848

Nampo 2013

Nampo vir 2013 sal plaasvind vanaf 14 17 Mei. Ons doen 'n beroep op lede om asseblief Nampo te ondersteun. Die lede wat van hulp kan wees by Nampo moet asseblief dringend met Clynton Collett skakel 051-6540538.

TOER

Daar gaan weer 'n toer gereël word. Boemie Saaiman gaan van hulp wees met hierdie toer. Lede sal op hoogte gehou word insake die reëlings ten opsigte van die toer.

SLUITING VAN KANTORE

Neem asseblief kennis dat Sonja Wasserman met verlof sal wees vanaf 18 Desember 2012 tot 11 Januarie 2013.